www.xtrapapers.com

Cambridge IGCSE

**Cambridge Assessment International Education**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/02**

Paper 2 Listening **October/November 2019**

TRANSCRIPT

**Approx. 35–45 minutes**

This document consists of **8** printed pages.

© UCLES 2019

Cambridge Assessment International Education

www.xtrapapers.com



E This is the Cambridge International Examinations, International General Certificate of Secondary Education in Afrikaans as a Second Language. Syllabus 0548, Paper 2 Listening, November 2019.

Instructions to candidates
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

There are instructions about how to answer the questions above each item on the question paper. You need not write in full sentences. Dictionaries are not permitted.

Before each recorded item is played, time is allowed for reading the instructions and studying the questions. All items are heard twice. You may take notes and write your answers at any time during the test.

The number of marks is given in brackets at the end of each question or part question.

A signal is used to introduce each item.

PAUSE 00'05''

SIGNAL

M **Oefening 1**

Luister na 'n radioverslaggeefster se beskrywing van 'n noodsituasie op see.

Beantwoord die vrae deur 'n regmerkie (✓) in die toepaslike blokkie te maak om aan te dui of die stelling **waar** of **onwaar** is.

Jy sal die verslag twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01'00''

* SIGNAL

V Die splinternuwe kreefboot Barca se eerste vaart vanaf Port Elizabeth het binne 'n paar uur sy laaste geword. Die eienaar van die boot het dit 'n maand gelede in Mosselbaai gekoop. Op Maandag 25 November het die boot op 'n week lange ekspedisie vertrek. Sowat 3,5 km van die kus af het die boot water begin inneem naby Kaap St. Francis. Die veertigjarige André Peterson, een van die 22 bemanningslede, het vertel wat gebeur het.

Hy het gesê die boot het water by die enjinkamer ingeneem. Die bemanning het dit met emmers probeer uitskep, maar dit het al hoe sterker ingestroom.

PAUSE 00'05''

"Toe die elektrisiteit op die boot afskop, het ons geweet ons moet daar af," het hy gesê. Reddingsboeie is in die see gegooi en die bemanning het sonder om na enige van hul besittings te soek in die see gespring. Almal het aan die reddingsboeie vasgeklou. Die water was ongewoon koud vir dié tyd van die jaar.

www.xtrapapers.com



Die regterkant het eerste begin sink en die boot was binne tien minute weg onder die water. Peterson het beskryf hoe hulle daar in die see soos babas gehuil het.

Die polisie, lugmag en Nasionale Seereddingsinstituut het die middag terwyl die boot besig was om te sink, op die vissermanne se noodroep gereageer. Tom van der Merwe, die bevelvoerder van die Nasionale Seereddingsinstituut in Port Elizabeth, het gesê ál 22 bemanningslede is kort na agtuur uit die onstuimige see opgepik. Reddingswemmers is per helikopter na die toneel van die ongeluk geneem. Die golwe was tussen vyf tot ses meter hoog. Die reddingswemmers het in die see gespring en die vissermanne is in groepe van sowat vyf in die helikopter opgehys en land toe geneem. Die helikopters het daarna ŉ laaste keer oor die wrak gevlieg om seker te maak al die bemanningslede van die Barca is veilig op land.

PAUSE 00'05''

Peterson het gesê hy het net die nat klere aan sy lyf oorgehad. "Ek het tot my skoene verloor, maar die belangrikste is dat ons nog lewe. Nie baie mense kan sê hulle oorleef ŉ sinkende boot nie," was sy woorde.

"Al wat ek oor het, is my selfoon wat in ŉ plastieksakkie toegedraai was. Dit is ŉ wonder dat dié foon nog werk," het Manie Snyman, ŉ ander bemanningslid, gesê.

Nóg Peterson, nóg Snyman weet wat die lekkasie in die boot veroorsaak het.**

PAUSE 00'05''

M Jy sal die verslag nou weer ŉ keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00'20''

SIGNAL

V **Oefening 2**

Luister na ŉ gesprek tussen Redi Dlamini, ŉ voëlliefhebber, en Denzil Moolman, ŉ werknemer by ŉ voëlpark.

Beantwoord die vrae deur die korrekte antwoord, **A**, **B**, **C** of **D** te kies en ŉ regmerkie (✓) in die blokkie langs jou keuse te maak.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01'00

* SIGNAL

V Môre, Denzil. My naam is Redi Dlamini. Ek wil ŉ artikel vir ons skooltydskrif skryf oor my besoek aan Birds of Eden. Ek het gehoor ek kan met jou oor hierdie wonderlike voëlpark kom gesels.

M Aangename kennis, Redi. Ek is baie trots op ons voëlparadys en praat graag daaroor.

V Birds of Eden is anders en spesiaal, want die voëls word nie in hokke aangehou nie.

www.xtrapapers.com



M Ja, hier streef ons daarna om voëls wat vroeër in gevangenskap was, se natuurlike habitat in ŉ mate aan hulle terug te gee. Ons doel is om ŉ veilige hawe te wees waar voëls baie goeie sorg ontvang. Ons doen dit nie om geld uit die voëls te maak, bv. deur hulle te verkoop of hulle aan vertonings vir die publiek te laat deelneem nie. Niemand word toegelaat om hulle te hanteer of kos te gee nie. Voëls kan redelik natuurlik lewe, maar in ŉ beskermde omgewing.

PAUSE 00’05’’

V Vertel my asseblief meer van julle voëlparadys.

M Birds of Eden beslaan ŉ gebied van 2,3 hektaar; 70% daarvan is inheemse woud. ŉ Groot maasdraadkoepel is bo-oor aangebring. Dit rus op kabels wat tussen 28 pale gespan is. Ongeveer 100 km kabel is gebruik. Die voëls wat almal op een of ander plek in die wêreld ingehok was, kan hier vry onder die koepel rondvlieg. Dit is die grootste voëlpark van hierdie soort in die wêreld. Besoekers volg ŉ kronkelende houtpaadjie, vanaf laag op grondvlak boontoe, totdat jy jou hoog in die takke van groot geelhoutbome bevind. Op sommige plekke is daar borde met vrugte en sade wat die voëls, klein en groot, kleurryk of vaal, vreedsaam met mekaar deel.

V Ongeveer hoeveel voëls is daar in Birds of Eden en hoeveel soorte?

M Hier is ongeveer 3500 voëls van meer as 200 spesies. Sommige is inheems, soos wewers en bloukraanvoëls en die grasgroen knysnaloerie met sy rooi vlerkvere. Baie voëls kom oorspronklik van ander lande, soos die veelkleurige goue fisante, *tientalle* spesies papegaaie, byvoorbeeld die blou-en-goudkleuriges van Suid-Amerika, en bloedrooi ibisse, wat watervoëls is.

PAUSE 00’10’’

V Dit is vir my duidelik dat julle geveerde inwoners se belange vir julle eerste kom, maar julle bewaringsprojek sluit tog ook ander dinge in die natuur in. Honderde plantspesies vorm deel van julle natuurbewaringsprojek. Selfs die rivier hier is sonder enige besoedeling.

M Ja, die versorging van voëls is vir ons die belangrikste, maar ons wil ook die publiek opvoed. Ons wil mense se begrip van natuur- en voëlbewaring bevorder.

V Ek sal my besoek aan Birds of Eden, werklik ŉ paradys vir bevryde voëls, nooit vergeet nie.

M Dankie, Redi. Ek weet jy gaan ons boodskap uitdra en ook ander mense bewus maak van die regte manier om die natuurlewe te bewaar. **

PAUSE 00’05’’

M Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

SIGNAL

www.xtrapapers.com



V **Oefening 3**

Luister na ŉ gesprek tussen die joernalis Tom Ellis en die 84-jarige Anna Otto oor haar vakansie in Nieu-Seeland.

Maak kort aantekeninge oor die gesprek in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01'00''

* SIGNAL

M Môre, Anna. Jy is nou ŉ week terug in Suid-Afrika en het darem seker al uitgerus na jou maand by jou seun Pieter en sy gesin in Nieu-Seeland.

V Hallo, Tom. Ja wat, ek is nou weer op en wakker. Die eerste drie dae na my terugkoms was ek ŉ bietjie vlugtam na die lang vlug. Ek wou net slaap wanneer dit dag is en snags was ek wakker, maar nou het my liggaam aangepas by ons tyd. Dis alles die moeite werd, want dit was heerlik om my seun en sy gesin weer te sien.

M Soos ek hoor, is jy ŉ liefhebber van die buitelug. Jy is nie iemand wat net stilsit en lees of TV kyk nie. Jy ry rond op jou bergfiets en geniet ook waterski en rotsklim.

V Ja, avontuur is in my bloed. Ek was altyd maar ŉ waaghals en voorbok. Ek glo ook ŉ mens moet soveel moontlik uit die lewe kry en die natuur soveel geniet as wat jy kan.

PAUSE 00'10''

M Hoe het dit gebeur dat jy met ŉ valskerm uit ŉ vliegtuig gespring het?

V My seun Pieter het my vertel hoe lekker dit is om valskerm te spring. Ek sê toe dit is iets wat ek nog altyd wou doen. Ek is mos mal oor avonture in die buitelug. Toe ek twee jaar gelede in die Magaliesberge was, het ek op ŉ boomtoptoer gegaan waar ŉ mens vasgegordel aan kabels, oor klowe gly. Ek was ook al in ŉ warmlugballon in die Boland. Ek is my lewe lank ŉ bergklimmer en ek kyk graag van hoë plekke af na die wêreld ver onder.

M Dan is dit nie ŉ wonder dat jy kans gesien het vir valskermspring nie? Maar jy let darem seker ook op na moontlike gevare?

V Ja, vroegoggend toe ons per motor op pad was na die valkermspringplek, sowat twee uur se ry vanaf Queenstown, op die Suideiland van Nieu-Seeland, het ek gesien hoe die wolke saampak. Ek het gesê dit lyk of slegte weer dalk ons valskermavontuur kon bederf. Dit kon dalk gevaarlik wees. Die ander in ons valskermgroep het my toe gerusgestel en gesê die professionele valskerminstrukteurs sou sien as daar gevaar is. Ek het my verniet bekommer, want die weer was dié dag baie mooi.

M Het jy enige versekering gehad vir ingeval daar ŉ ongeluk gebeur?

www.xtrapapers.com



V Nee, daar was nie versekering vir mense ouer as 80 jaar nie. Ek het net gesê ek gaan spring, versekering of nie! ’n Mens kon kies tussen ’n sprong van 3000, 4000 of 5000 meter. Ek het op 5000 meter bo die grond uitgespring. Ek was glad nie bang nie. Kop eerste is ek uit die vliegtuig uit en het net gewonder hoe ek weer op my voete gaan kom. Die eerste 3 000 meter is ’n vryval, maar toe die valskerm oopgaan, kon ek die pragtige natuur bewonder. Dit was wonderlik om soos ’n arend bo-oor die aarde te sweef.

PAUSE 00’10’’

M Hoe was die landing?

V Dit het sonder probleme verloop. Ek het ’n sertifikaat ontvang vir my valskermsprong en het baie gelukkig gevoel.

M Wat is volgende op jou lys doendinge?

V Ek wil graag nog vlerksweef doen. Dit duur langer as valskermspring wat binne ’n paar minute verby is. Ek sal ook graag in ’n hok tussen haaie gaan duik en ek wil berg Kilimandjaro in Kenia gaan klim.

M Jy is ’n voorbeeld vir jonger mense, Anna. Ek bewonder jou geesdriftige houding en jou avontuurlustigheid. Ouderdom is net ’n getal. ’n Mens moet, en kan, die lewe geniet, of jy nou 4, 14 of 84 is! **

PAUSE 00’10’’

M Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

SIGNAL

V **Oefening 4**

Luister na die gesprek tussen ’n leerder, Florence, en ’n beroepsvoorligter, mnr. Van Rooyen, oor die keuse van ’n loopbaan.

Beantwoord die vrae in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’30’’

* SIGNAL

M Florence, jy sê jy is nie seker wat om na matriek te doen nie en jy moet gedurende die volgende jaar ’n studierigting kies.

V Meneer Van Rooyen, ek dink dit is deesdae vir baie jong mense moeilik om te kies wat om te gaan studeer.

© UCLES 2019

www.xtrapapers.com



M Jy is reg. Volgens ŉ saketydskrif gaan werkende mense van jou generasie baie selde langer as drie jaar in een werk bly. Dit beteken dat een persoon tot 20 verskillende werke kan hê voordat sy of hy aftree.

V Ek het ook gehoor dat die werk wat mense eendag gaan doen, heel moontlik vandag nog nie eens bestaan nie.

M Die hoof van die maatskappy IT New Generation, Zara Jones, het in 2018 tydens ŉ vergadering in New York gesê dat die internet nog nie eens bestaan het toe sy haar graad by die Harvard-universiteit ontvang het nie. Volgens haar sal mense dus aanpasbaar moet wees omdat hulle waarskynlik dikwels by ŉ nuwe organisasie sal begin. Sy het nie in inligtingstegnologie gestudeer nie, maar het deur die jare baie belangrike ervaring daarvan opgedoen. Dit het haar die gereedskap gegee om vandag ŉ topbetrekking te hê in hierdie maatskappy.

PAUSE 00'10''

V Gaan dit dan nie net oor wat ŉ mens studeer nie, maar óók oor die waardevolle lesse wat jy tydens jou studiejare leer?

M Ja, slim jongmense doen navorsing oor loopbane van die toekoms. Hulle vra ook wat die tendense vir die volgende vyf jaar gaan wees. Dan sê ek altyd dat die lesse wat jy tydens jou studiejare leer, dit vir jou moontlik gaan maak om van die een werk na ŉ ander te skuif, soos wat dit in die toekoms nodig gaan wees. Dit is volgens my baie belangrik vir latere sukses in die lewe.

V En wat daarvan as ŉ mens nie universiteit toe gaan nie?

M ŉ Universiteitsgraad is lankal nie meer die enigste uitweg nie, Florence. Baie ouers dink hul kind gaan nie werk kry sonder ŉ graad nie en hulle glo ŉ graad beteken altyd ŉ goeie inkomste. Daar is egter ook talle geleenthede by ander soorte studie-instellings.

PAUSE 00'10''

V Ek het juis Saterdag met my ma en pa hieroor gepraat. Hulle het toe gesê ek moet met Meneer kom praat, want hulle het nie genoeg kennis om my by te staan met my beroepskeuse nie. Ons ouers het nog grootgeword met die idee dat ŉ universiteitsgraad ŉ absolute móét is.

M Ja, en as ouers ŉ kind dwing om te gaan studeer, sal die kind dalk ophou klas toe gaan en vir sy ouers jok en laat dink hulle gaan klas toe. Dan is baie geld in die water gegooi. Hulle het nie die motivering om aan te gaan met ŉ kursus waarin hulle glad nie belangstel nie en raak moedeloos.

V Is daar studie-instellings waarvoor ouers en kinders versigtig moet wees?

M Ja, ŉ mens moet wakker loop. Daar is soms kolleges wat gestig word en nie lank bestaan nie. 'n Mens moet plekke besoek, ŉ afspraak maak met die hoof en hul reputasie nagaan voordat jy daar inskryf.

V Dankie vir die waardevolle raad, Meneer. Ek is bly dat ons vandag kon gesels.**

PAUSE 00'10''

M Jy sal die gesprek nou weer 'n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00'30''

SIGNAL

www.xtrapapers.com



M Dit is die einde van die toets.

E This is the end of the examination.

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.